

Gebedsriglyne tydens die Noodtoestand met die Koronavirus:

Ons wil in noodsituasies ernstig met die Here praat, daarom gee ons riglyne sodat ons as gemeente intensief kan bid. Ons wil veral Donderdae afstaan as gefokusde tyd vir toewyding, gebed en vas vir mense wat die oortuiging het.

Bid asseblief ernstig saam dat deur hierdie noodsituasie die Here se Naam verheerlik word, God se koninkryk sal kom en Sy wil sal geskied!

1. Lees **Matt 8: 23 – 27**, oor **Jesus wat die storm stil gemaak het**, en dink oor die volgende:
 - a. God het mag oor elke moontlike storm: God is op die troon en regeer ook in hierdie noodsituasie!
 - b. Oë wat op Jesus gerig is, lei tot **kalmte en vrede**
 - c. Jesus is altyd by jou midde van die storms van die lewe! (Loof en dank God daarvoor)
2. Bid dat ons steeds **ons vertrou op God sal hou** en sal vashou aan Sy beloftes, soos veral in Ps 91 en Jer 29:11.
3. Bid **teen die verspreiding van die virus**
 - a. Dat ons voorkomend sal optree sodat die verspreiding van die virus beperk word
 - b. Dat 'n teenmiddel vir die virus gekry sal word en helderheid vir navorsers wat daaraan werk
 - c. Die beskerming van alle mense, die gemeente, gesinne en families
4. Bid dat hierdie tydperk van onsekerheid '**n geleentheid sal wees** vir mense om 'n **terugkeer na die Here** te maak.
 - a. Bid dat ons sal leer om vir mekaar om te gee
 - b. Bid dat ons as Christene tekens van hoop sal wees gedurende hierdie tydperk.
5. Bid vir die **regering en owerhede** vir wysheid om die regte besluite te neem, wat 'n minimum impak op die lewens van mense sal hê, maar nog steeds die verspreiding van die virus sal keer.
6. Bid vir die **mense wat reeds siek** is vir 'n spoedige en volkome herstel en vir hulle families wat hulle ondersteun.
 - a. Bid vir **mense wat in isolasie is**, dat dit 'n tydperk sal wees waarin hul opnuut oor hul verhouding met die Here sal besin.
7. Bid vir **besighede wat geïmpakkeer** word deur die virus en mense wat inkomstes daardeur verloor.
 - a. Bid vir wysheid met die herstrukturering van organisasies, sodat die impak op werksgeleenthede minimaal sal wees.
 - b. Bid vir mense wat inkomstes verloor, vir uitkoms en voorsiening.
8. Bid vir **gesinne wat meer tyd** met mekaar gaan spandeer, vir verdieping van verhoudinge en herstel waar daar wonde is. Bid ook vir die beskerming van verhoudinge.
9. Bid vir **die gemeente**
 - a. Vir **wysheid om die gemeente se bediening** so in te rig dat dienste steeds gelewer kan word.
 - b. Vir die **erediensopnames** dat dit werklik Gees-geïnspireer sal wees en dat mense van die digitale boodskappe gebruik sal maak.
 - c. Vir **genoeg lidmate** om na vore te kom om **met God se liefde** uit te reik na mense wat siek is, in isolasie is en die wat hulp nodig het.
 - d. Vir **geestelike verdieping**, toewyding aan die Here en groter fokus op God se koninkryk.
 - e. Dat lidmate steeds **getrou hulle dankoffers sal gee** sodat die gemeente kan voortgaan met dienswerk.
 - f. Dat **Pharos** steeds kan voortgaan om **dienste te lewer** en 'n baken van hoop kan wees.
 - g. Vir **genoeg skenkings vir Pharos** om in die groter nood te kan voorsien vir mense wat inkomste verloor.
10. Bid vir **skole, universiteite, en kolleges** vir wysheid met die herstrukturering van leerplanne en kwartaal-programme en die implementering van afstandsonderrig in baie gevalle.
11. Bid vir die **beskerming van alle gesondheidspersoneel** wat direk met die virus in aanraking gaan kom.

"¹¹Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde. ¹²Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting." Ps 46:11-12